

Psalm 91

Inleiding

Psalm 91, seker as gevolg van al die beloftes wat beskerming belowe, word vandag seker meer as enige ander skrifgedeelte aangehaal. In my bespreking van hierdie psalm bevraagteken ek nie die feit dat God gelowiges in gevaarlike tye kan beskerm nie. Ek bevraagteken ook nie die feit dat God, omdat Hy is wie Hy is, soewerein en bonatuurlik, soos Hy verkies, op enige manier soos Hy verkies, met 'n gelowige kan kommunikeer nie. As Hy dit al deur middel van 'n engel, 'n teken of deur omstandighede, gedoen het, kan Hy ook 'n gedeelte van die Skrif gebruik om 'n spesifieke boodskap aan iemand oor te dra. Dit is dus moontlik dat God op 'n bonatuurlike manier Psalm 91 kan gebruik om beskerming aan 'n spesifieke persoon te belowe. Hierdie tipe Goddelike kommunikasie is hoogs persoonlik en subjektief en die egtheid daarvan kan net deur die individu wat glo dat hy of sy dit ontvang het, beoordeel word. Dit kan nie op alle gelowiges in die algemeen van toepassing gemaak word nie. Bonatuurlike kommunikasie van God, soos alle ander Goddelike manifestasies, is onder beheer van God se soewereine beheer en kan nie gemanipuleer word nie.

Die Belangrikheid van die geskrewe Woord

Die bestudering en die interpretasie van die geskrewe Woord val egter in 'n ander kategorie en moet aan die hand van algemene aanvaarde beginsels van Skrifinterpretasie gedoen word. Dit is teen hierdie agtergrond dat sekere vroeë gevaar moet word in verband met die ongebalanseerde manier hoe Psalm 91 soms geïnterpreteer en toegepas word. So byvoorbeeld, na aanleiding van Ps.91, word mense in hierdie tyd van die virusepidemie op 'n sekere webtuiste aanbeveel om God se "Covenant of Protection" vir beskerming te "join." Die webtuiste verduidelik:

*"In Psalm 91, God lists all the things from which we are protected, and we can easily see that it covers all of the evils of humankind. It includes all the evils that come through another person, such as robbery, murder, terrorism or rape. It also includes epidemics and deadly diseases, and all natural disasters such as tornadoes, floods, hurricanes and other things that man has no control over. Verse seven plainly says, 'A thousand may fall at your side, and ten thousand at your right hand, BUT IT SHALL NOT COME NEAR YOU.' He even has angels standing by us to help us. **This is God's Covenant of Protection.**" "The premise is you just need to "join the covenant" by loving and serving God and all the threats listed in Psalm 91 will be neutralized."*
(My beklemtoning)
(<https://sidroth.org/gods-covenant-protection>).

Is hierdie 'n geldige vertolking van Ps.91 en hoekom het die vroeë apostels wat as martelaars gesterf het niks van hierdie "covenant" geweet nie? As dit ook so belangrik was, hoekom word daar in die sendbriewe van die apostels in die Nuwe Testament nie 'n woord daarvan gesê nie?

Die oënskynlike teenstrydighede wat bestaan as sekere skrifte met mekaar vergelyk word

Daar is baie beloftes in die Bybel wat betrekking het op Goddelike beskerming en behalwe as God in Sy alwetende wysheid negatiewe dinge toelaat wat in Sy groter heilsplan inpas, sál Hy ons van gevare beskerm. Dit is egter onlogies om die konteks en feite in verband met Ps.91 te ignoreer en al die beloftes daarin summier op alle gelowiges van toepassing te wil maak. Ons moet versigtig wees dat ons nie 'n interpretasie op hierdie en op ander skrifgedeeltes afdwing wat nie in harmonie gebring kan word met die res van Bybelopenbaring nie. Wanneer al die feite in die Skrif in aanmerking geneem word, is dit moeilik om te aanvaar dat gelowiges op grond van Psalm 91 van alle gevare en peste beskerm kan word deur net 'n "Covenant of Protection" te "join."

Voordat die beloftes van Psalm 91 op gelowiges in die algemeen van toepassing gemaak kan word, moet sekere vrae eers beantwoord word: hoekom word Petrus-hulle wonderbaarlik deur 'n engel uit die tronk bevry, maar 'n entjie verder in die Bybel lees van hoe Stefanus met klippe doodgegooi word? (**Hand.5:19, Hand.7:58**). Wat van die doring in Paulus se vlees en die dinge wat hy opnoem wat hy moes deurmaak: tronkstraf, steniging, slae, skipbreuke, vloede, berowing, hongerte en dors en naaktheid in koue? (**2Kor.11:23-30**). In die meer moderne tyd kan ons dink aan mense soos Richard Wurmbrand en andere wat vir jare vir hulle geloof in kommunistiese tronke moes deurbring.

Skrifgedeeltes wat lyk of hulle mekaar weerspreek

Hoekom lyk dit of Jesus die beloftes van Psalm 91 weerspreek deur te verklaar dat gelowiges in hierdie wêreld teëspoed en vrdrukking gaan ervaar? (**Joh.16:33**). Dieselfde vrae kan oor skrifgedeeltes soos **Ps.34:19** en **Hand.14:22** gevra word wat verklaar dat die teëspoede van die regverdige "menigvuldig" gaan wees en dat ons

"deur baie verdrukkinge in die koninkryk van God ingaan."

Die ervaring van baie gelowiges bevestig die realiteit van wat in hierdie skrifgedeeltes voorspel word. Hou God nie sy beloftes nie of neem ons nie al die feite in die Skrif in aanmerking nie?

Ps.91 en Israel

Sommige Bybelkommentators is van mening dat hierdie Psalm heel waarskynlik deur Moses geskryf is en van toepassing is op Israel wat in 'n spesifieke verbondsverhouding met God gestaan het. Wanneer hulle sorgvuldig die Wet gehoorsaam het, is hulle bonatuurlik deur God geseën en beskerm (**Deut.28:1-14**). Psalm 91 lees soos 'n opsomming van dié seëninge. As hulle egter nie die Wet nagekom het nie, het al die vloeke wat in **Deut.28:15-68** genoem word, hulle getref. Hierdie spesifieke verbondsverhouding kan nie op die kerk van tepassing gemaak word nie aangesien **Gal.3:13** verklaar dat

"Christus ons losgekoop van die vloek van die wet..."

Die moontlikheid van profetiese uitsprake wat betrekking op die Jode.

Die moontlikheid bestaan dat **Ps.91**, soos **Ps.83** en **Ps.22**, profetiese elemente bevat wat na 'n tydperk in die toekoms verwys wanneer God met die vyande van Israel gaan afreken. Dit

gaan in die eindtye gebeur, net na die tyd van “Jakob se verdrukking” (**Jer.30:7**) en Israel sal dit met hulle eie oë aanskou (**Ps.91:8**).

*“Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is ‘n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word. En op dié dag, spreek die HERE van die leërskaar, sal Ek sy juk verbreek van jou nek af en jou stroppe stukkend ruk; en vreemdes sal hom nie meer diensbaar maak nie” (**Jer.30:7-8**).*

Dit lyk of hierdie ‘n tydperk van uitsonderlike Goddelike oordeel in die vorm van pestilensie en oorlog gaan wees. Vir die oorblyfsel van Israel wat hierdie verdrukking van oorloë en ander dinge sal moet deurmaak, sal die belofte egter geld: “al val daar duisend” aan hul een kant en “tienduizend” aan hul regterhand, sal hulle niks oorkom nie (**Ps.91:7-8**). As daar na vers 8 gekyk word, lyk dit of Israel in die tyd toeskouers sal wees: want

“Net met jou oë sal jy dit aanskou en die vergelding van die goddelose sien”.

Van die gebeure wat in **Ps.91** beskryf word stem merkwaardig ooreen met die gebeure wat in Jesus se profetiese rede in **Matt.24:3-8** beskryf word.

Die verwysing in die KJV van iemand wat in die “secret place” van die Here vir beskerming skuil (**Ps.91:1**) herinner ‘n mens aan **Op.12:6-16** wat beskryf hoe Israel na ‘n veilige skuiling in die wildernis gelei sal word om van die vervolging van die antichris in die tyd van sy oorname hier op aarde, weg te kom.

Ps.91 se Mesiaanse uitsprake

Die feit moet ook in aanmerking geneem word dat Psalm 91 profetiese uitsprake bevat wat na God se beskerming van Sy Seun Jesus hier op aarde verwys. Die duiwel het dit blykbaar geweet, want toe hy Jesus in die woestyn versoek, het hy **Psalm 91:11** aangehaal en dit op Jesus van toepassing gemaak:

*“Hy het sy engele bevel gegee aangaande U...” (**Matt.4:6**).*

Jesus het hom nie weerlê deur te sê dat die psalm nie na Hom verwys nie.

Die apostels het ook geweet dat baie gedeeltes van die Ou Testament profeties na die Messias verwys. So byvoorbeeld haal Mattheus **Hosea 11:1** aan en interpreteer dit as ‘n uitspraak aangaande Jesus:

*“Uit Egipte het Ek my Seun geroep” (**Matt.2:15**).*

Sommige leraars se onaanvaarbare vertolking van die verwysing van die “skuilplek” (“secret place”) in Ps.91:1.

Sommige leraars besef dat die ervaring van baie gelowiges nie stryk met wat in Ps.91 belowe word nie en probeer daarom om hierdie ongeruimdheid opklaar deur klem te lê op die gebruik van die woorde “secret place” wat in die KJV vertaling van **Ps.91:1** gebruik word:

*“He that dwelleth in the **secret place** of the most High shall abide under the shadow of the Almighty.”*

Deur Ou Testamentiese tabernakel-simboliek te gebruik, verduidelik hulle, by implikasie, dat daar twee klasse gelowiges bestaan; dié wat in die *“**secret place of the most High**”* verkeer wat diegene is wat figuurlik gesproke, deurgedring het tot in die allerheiligste gedeelte van die tabernakel en dan is daar die ander wat in hul verhouding met die Here, simbolies gesproke, nooit verder as die buite-hof van die tabernakel kom nie. Dit is net dié wat in God se teenwoordigheid “skuil” wat aanspraak kan maak op die ervaring van die beloftes. Dit, volgens hulle, verduidelik hoekom daar nog negatiewe dinge met sommige Christene gebeur! In die lig van **Heb.10:19** wat verklaar dat ons deur die bloed van Jesus vrymoedigheid het om in die teenwoordigheid van God te kom en **Ef.1:3** wat verklaar dat alle geestelike seënige na ons toe vloei op grond van ons geloof in Jesus se volbragte werk, is hierdie soort verduideliking nie aanvaarbaar nie. Kan u dink watter geestelike las op gelowiges gelaai word deur te verklaar dat die ervaring van die beloftes van Ps.91 afhang van hulle eie toewyding en prestasie!

Slotsom

Psalm 91 behoort ons te inspireer om ten alle tye God vir beskerming te vra, maar ons moet besef dat die Skrif ons waarsku dat God in Sy soewereine wysheid soms kies om nie te doen wat Hy in staat is om te doen nie! Maar soos Paulus, kan ons verklaar :

“Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie” (Rom 8:38 -39).

“Ek weet om verneder te word, ek weet ook om oorvloed te hê; in elke opsig en in alle dinge is ek onderrig: om versadig te word sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly. Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee” (Fil.4:12-13).

Mag die Heilige Gees elkeen van ons inspireer om ten alle tye, ongeag van omstandighede, God ons Vader te vertrou.

“Word twee mossies nie vir ‘n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie. En van julle is selfs die hare van die hoof almal getel. Wees dan nie bevrees nie: julle is meer werd as baie mossies” (Matt.10:28-31)

Nick Maartens

Jeffreysbaai

Sel: 0827826074

E-pos: nickmaartens@hotmail.com

Web. www.nickmaartens.co.za